

Noordelike Sinode  
Taakspan Gender  
Verlag aan die Sinode  
16-20 Oktober te Weesgerus

1. Opdrag

Om 'n gesprek oor gender, met die klem op gelykheid, diversiteit, stereotipes, seksualiteit en diskriminasie, in die Noordelike Sinode te fasiliteer.

2. Taakspanlede

Voorsitter: Bernice Serfontein

Kobus Myburg

Jana de Lange

Nadine van Eeden

Marinda van Niekerk

Francois Smit

(Lerisa Meyer en Jan-Mari du Toit in hul rol as studente)

- Die taakspan het van tyd tot tyd ander lede betrek, o.a. Lizl-Louise Schoeman, Hanré Janse van Rensburg, James Kirkpatrick

3. Uitvoering van die opdrag

Gedurende die tydperk vanaf Maart 2019 tot Maart 2020 het die taakspan gereeld in persoon ontmoet. Die taakspan het ook terugrapporteer aan die SDR in Februarie 2020. Die uitbreek van Covid-19 het egter tot gevolg gehad dat die opdrag net gedeeltelik uitgevoer kon word.

**Afgehandel:**

a) **Steekproef-ondersoek (September 2019)**

Die taakspan het met behulp van elektroniese vraelyste ondersoek hoe gender gelykheid in die praktyk in gemeentes funksioneer. 74 Gemeentes in die Noordelike Sinode het daaraan deelgeneem. Die statistiek is kreatief verwerk in 'n dokument wat die taakspan beoog om aan ringe en gemeentes beskikbaar te stel as moontlike vertrekpunt vir gesprekke rondom gender.

b) **Verklaring teen geweld teen vroue en kinders (Oktober 2019)**

'n Groep vroueteoloë en -predikante het in September 2019 'n verklaring uitgereik teen geweld teen vroue en kinders. Ons as taakspan het ons stem daarby gevoeg om hierdie uiters belangrike saak te ondersteun. Ons het egter 'n klompie byvoegings en nuanse-verskille aangebring na gelang van ons gesprekke en perspektief op die saak. Die taakspan beskou hierdie verklaring as 'n middel waarmee gesprekke oor gender geregtigheid op grondvlak (ringe en gemeente) gestimuleer kan word.

### **c) Beleidsdokument oor Seksuele teistering**

By die Algemene Sinode van 2019 het die NG kerk 'n beleid tov seksuele teistering aanvaar (BELEID RAKENDE SEKSUELE- MISBRUIK/WANGEDRAG). Hiervolgens behoort elke kerkraad 'n beleidsdokument oor seksuele teistering op te neem as deel van die personeelbeleid. Die taakspan wil met hierdie proses help. 'n Kort dokument wat duidelikheid bied oor die teologiese bril waardeur ons as gelowiges na die saak kyk is saamgestel. Hiermee wil die taakspan weereens vir gemeentes en ringe iets op die tafel sit om die gesprek en denke rondom 'n beleidsdokument oor seksuele teistering te fasiliteer.

### **Onafgehandel:**

- a) Stel die verklaring teen gender geweld – tesame met die verwerkte statistiek vanuit die steekproef - aan ringe en gemeentes beskikbaar. Moedig hulle aan om aan die hand daarvan 'n sinvolle gesprek/ gesprekke oor die saak te voer.
- b) Nooi ringe en gemeentes uit om met ons in verbinding te tree indien ons hulle op enige wyse kan bystaan in die fasilitering van so 'n gesprek.
- c) Fasilitering van 'n proses wat toesien dat 'n beleidsdokument oor gender gelykheid en seksuele teistering in gemeentekantore opgeneem word.

### **4. Aanbevelings**

**Ons beveel aan dat daar weer 'n taakspan vir Gender vir die Noordelike Sinode aangewys word met die opdrag om die uitvoering van die opdragte wat deur Covid-19 gekelder is te voltooi.**

TAAKSPAN GENDER

Julie 2022